Hoe om te stem in die munisipale verkiesing op 1 Maart 2006

Om te stem op 1 Maart moet u:

- Geregistreerd wees by die Onafhanklike Verkiesings Kommissie (OVK)
- 18 jaar en ouer wees
- In besit wees van ‘n groen strepieskode ID boek (as u dit verloor het mag u aansoek doen vir ‘n Tydelike Identiteits Sertifikaat (TIS) by u naaste Departement van Binnelandse Sake)

Hoe weet ek dat ek geregistreer is om te stem?

- As u voor 6 Januarie 2006 by enige van die OVK registrasie stasies geregistreer het, sal u geregistreer wees om te stem op 1 Maart.
- As u vir die laaste plaaslike verkiesing in 2000 geregistreer het, en indien u nie van adres verander het nie, sal u steeds geregistreer wees by die OVK om te kan stem op 1 Maart.
- Om navrae te doen rondom u registrasie status kan u die OVK tolvrye nommer 0800 11 8000 skakel of u kan die webwerf van die OVK besoek by, www.iec.org.za, en klik op ‘Am I registered?’. U sal versoek word om u ID nommer te verskaf.

Waar moet ek op 1 Maart stem?

- U sal slegs in die stem distrik waar u geregistreer is kan stem.
- Die stemlokale (plek waar u moet gaan om te stem) moet die lokaal wees waar u geregistreer het. U kan egter telefonies navrae doen by 0800 11 8000 of op die OVK se webwerf onder ‘Where do I vote.’ U sal versoek word om u ID nommer te verskaf.
- Stemlokale sal oop wees vanaf **07:00** in die oggend en sluit om **19:00** die aand.

Wat sal plaasvind by die stemlokaal?

Nadat u die stemlokaal betree het, sal die volgende plaasvind:

1. U ID boek/TIS sal nagegaan word en u naam sal op die stem register afgemerk word.
2. U duim sal met sigbare, onuitwisbare ink gemerk word.
3. U sal dan met drie stembriewe, van verskillende kleure, voorsien word - die aantal stembriewe sal egter afhang van die tipe munisipaliteit waarin u woonagtig is.
4. U sal privaat u kruisie op elk van die voorsiene stembriewe maak.
5. U sal die gemerkte en gevoude stembriewe in die stembus plaas.

Fisies gestremde kiesers wat hulp benodig in die stemlokaal kan ondersteun word deur enige persoon van hul keuse. Die verkiesings beampte in beheer die stemlokaal sal diegene bystaan wat nie kan lees nie.

Hoe sal die verskeie stembriewe werk?

Die aantal stembriewe wat u ontvang sal afhang van die tipe munisipaliteit waarin u woonagtig is:

Indien u woonagtig is in ‘n **metropolitaanse munispaliteit,** bv. Stad Kaapstad, sal u 2 stembriewe ontvang waarmee u 2 stemme kan uitbring:

- 1 geel stembrief vir die metropool raad (Proporsionele Verteenwoordigers [PV] stem)
- 1 wit stembrief vir ’n wyksraadslid (wykstem)

Indien u woonagtig is in ‘n **plaaslike munisipaliteit met wyke**, sal u 3 stembriewe ontvang waarmee u 3 stemme kan uitbring:

- 1 geel stembrief vir die plaaslike raad (PV stem vir u plaaslike raad)
- 1 wit stembrief vir ’n wyksraadslid (wykstem vir u plaaslike raad)
- 1 groen stembrief vir die distriksraad (PV stem vir die distriksraad)

Indien u woonagtig is in ’n **plaaslike munisipaliteit sonder wyke**, sal u 2 stembriewe ontvang waarmee u 2 stemme kan uitbring:

- 1 geel stembrief vir die plaaslike raad (PV stem vir u plaaslike raad)
- 1 groen stembrief vir die distriksraad (PV stem vir die distriksraad)

Indien u woonagtig is in ’n **Distrik Bestuursarea** (dit is wildparke en ander ylbevolkte areas), sal u 2 stembriewe ontvang waarmee u 2 stemme kan uitbring:

- 1 groen stembrief vir die distriksraad (PV stem vir die distriksraad)
- 1 pienk stembrief vir die distrik bestuursarea (PV stem vir die distrik bestuursarea)

Onthou: U stem is u geheim. U kan stem vir enige party of onafhanklike kandidaat van u keuse. U hoef nie vir dieselfde party op elke stembrief te stem nie.

Inligting verskaf deur die Onafhanklike Verkiesings Kommissie (OVK): www.iec.org.za